# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==================

# QUESTION PAPER

## WRITTEN REPLY

==================

Note: * Indicates translated version.

**FRIDAY, 8 MAY 2026**

**1. Mr F C Christians to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

(a) What specific measures is her Department implementing to improve service delivery at provincial hospitals and (b) how will her Department ensure that patients receive timely and quality care across all regions of the province?

*(135)*

**2. Mr B N Herron to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to the increasing demand for affordable housing in the Western Cape, particularly for well-located affordable housing:

(1) (a) How is affordable housing defined in the context of the province and (b) what (i) legislative or (ii) policy instruments guide this definition of affordable housing;

(2) whether a distinction is made between affordable housing, social housing, and gap housing; if so, what (a) definitions and (b) eligibility criteria apply to each category;

(3) (a) what affordability benchmarks (for example percentage of household income spent on housing) are used to determine eligibility for affordable housing and (b) how were these benchmarks determined;

(4) whether there is an affordable housing framework implemented in the province; (a) if not, (i) why not and (ii) when will one be implemented; (b) if so, (i) what are the key objectives and (ii) what initiatives fall under the framework?

*(136)*

**3. Mr B N Herron to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

With reference to the written complaint sent to his Department by a certain person whose name has been furnished to his Department regarding the placement of her two sons and regarding the ongoing issues with school placements in the province:

(1) Whether her two sons have been placed in schools suitable for their educational needs; if not, (a) why not and (b) when will they be placed; if so, where have they been placed;

(2) given that this person received a response "made in fulfilment of the Department's obligations towards your sons", (a) what process does his Department follow when placing a child in a school, (b) what considerations, such as mental health needs, are taken into account when placing children in schools and (c) what factors determine the "fulfilment of the Department's obligations";

(3) (a) what is the total school capacity in the province for each education phase and (b) what is the projected capacity demand for (i) 2026, (ii) 2027 and (iii) 2028 for each phase respectively;

(4) which catchment areas in each school district were unable to accommodate the demand or applications in their district;

(5) what options are available to learners who are not accommodated at schools within a reasonable distance of where they live;

(6) how many learners have not been placed in schools for the 2026 school year as at the latest date for which information is available?

*(137)*

**4. Mr B N Herron to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to his reply to question 1 of 16 May 2025:

(1) Whether the reversionary clause will be triggered now that the deadline of 18 April 2026 has passed; if not, why not; if so,

(2) whether the hall will be returned to the Western Cape Government; if so, what are the relevant details;

(3) whether any (a) legal or (b) administrative steps have been initiated to enforce the reversionary clause; if not, why not; if so, what steps have been taken to date;

(4) whether a formal notice of breach has been issued to the purchaser (Indoni); if not, why not; if so, on (a) what date and (b) what response was received;

(5) whether the purchaser has made any representations to his Department explaining its failure to develop or use the property for the intended purpose; if so, what are the details;

(6) what oversight mechanisms, if any, were in place to monitor compliance with the conditions of sale over the five-year period?

*(138)*

**5. Mr M K Sayed to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

With reference to his reply to question 4 of 20 March 2026:

In light of his confirmation that 71 schools in the province have been identified as being built wholly or partially with inappropriate materials, including asbestos, and noting that the applicable norms and standards prohibit the use of asbestos and require provinces to plan for and report on the eradication of such infrastructure:

(1) (a) Which 71 schools are affected and (b) what is the nature and extent of asbestos or other inappropriate materials present at each school;

(2) whether each affected school has been subjected to a formal risk assessment; if so,

(3) whether a plan is in place for each school; if not, why not; if so, what are the relevant details;

(4) (a) which schools have been earmarked for (i) urgent intervention, (ii) remediation, or (iii) full replacement and (b) what are the (i) time frames and (ii) budgets attached to each planned intervention?

*(139)*

**6. Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

In the light of the fire damage at the Railton Clinic in Swellendam and its subsequent closure for repairs, which has affected residents of Swellendam:

When is the clinic expected to reopen and resume full services?

*(140)*

**7. Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

In the light of China introducing a temporary zero-tariff scheme for several African countries, including South Africa, starting 1 May 2026 and ending on 30 April 2028, which provides tariff-free access to China's market for a range of agricultural products, such as fruit, wine, nuts and rooibos:

(1) What measures has his Department put in place to ensure that black farmers in the province are able to benefit from this zero-tariff scheme;

(2) whether any (a) support programmes, (b) export facilitation initiatives or (c) partnerships are being implemented to assist emerging and small-scale black farmers to access the Chinese market; if so, what are the details;

(3) how many black farmers or enterprises in the province are currently export-ready to take advantage of this opportunity?

*(141)*

**8. Ms N D Nkondlo to ask Ms D M Baartman, Minister of Finance:**

With regard to the significant fuel price increases effective 6 May 2026, with petrol rising by R3,27 per litre and diesel by R6,19 per litre:

(1) Whether her Department has plans or interventions in place to cushion vulnerable residents from the impact of these increases, particularly in relation to transport costs and food prices; if so, what are the relevant details;

(2) whether any additional budgetary allocations or adjustments are being considered to support municipalities or public transport services in order to mitigate this impact; if so, what are the details?

*(142)*

**9. Ms A P Bans to ask Mr A R Winde, Premier:**

With regard to the decision by the Western Cape Government on 1 March 2022 to illuminate the Western Cape Provincial Parliament Building in the colours of the Ukrainian flag, while not doing the same for the Palestinian flag:

What criteria or policy guidelines inform decisions to symbolically illuminate government buildings in relation to international conflicts or causes?

*(143)*

**10. Ms A P Bans to ask Mr A R Winde, Premier:**

Whether the Western Cape Government has any trade, investment or procurement relations linked to entities operating in or with Israel; if so, (a) what is the nature and (b) value of these relations?

*(144)*

**11. Ms P Z Lekker to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

Whether his Department has received and processed any requests for land ownership authorisation required to unlock stalled housing and service delivery projects in subcouncil 10, Khayelitsha, including but not limited to the MAHAMA project and electrification of informal settlements; if so, (a) on what dates were such requests received from the City of Cape Town and/or any other sphere of government, (b) which specific erven are affected, including erven (i) 19464, (ii) 21020, (iii) 20869, (iv) 20081, (v) 21864, (vi) 23144, (vii) 23136, (viii) 39286 and (ix) 42776, (c) what is the ownership status of each of these erven, (d) what processes are required by his Department and/or other spheres of government to grant such authorisation and (e) what is the current status of each request for authorisation?

*(145)*

**12. Ms P Z Lekker to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(1) Whether his Department has received and processed any requests for land ownership authorisation required to unlock stalled housing and service delivery projects in subcouncil 10, Khayelitsha, including but not limited to the MAHAMA project and the electrification of informal settlements; if so, what reasons account for the delays, particularly in cases exceeding four years;

(2) whether any intergovernmental disputes or administrative bottlenecks have been identified; if so, (a) what are the relevant details and (b) what steps have been taken to resolve these delays;

(3) whether any officials have been held accountable for inaction; if so, (a) what are the relevant details, (b) what measures have been taken and (c) what risks have been identified relating to illegal land invasions due to these delays?

*(146)*

**13. Ms P Z Lekker to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to the Kuyasa Ward 99 Retrofit Project affecting 2 373 units in Khayelitsha:

(a) On what date was the project formally approved by his Department, (b) what was the total approved project value in (i) 2018/19, (ii) 2019/20 and (iii) 2020/21, (c) what was the estimated per-unit retrofit cost, (d)(i) how many units were scheduled for completion in each phase and (ii) how many were actually completed per financial year above and (e)(i) how many units were partially completed and (ii) what specific interventions were undertaken in those units?

*(147)*

**14. Ms B N Stoffel to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to stalled and unimplemented housing decisions and projects in Khayelitsha, including the Jondev Housing Project (Record of Decision dated 10 December 2019) and the development of 261 top structures on erven 19464 and 21020:

(1) Whether the approved amount of R10 149 217 for the Jondev Housing Project was formally committed and/or transferred; if not, why was a signed Record of Decision not implemented;

(2) whether any portion of this budget was spent; if so, what is the detailed breakdown;

(3) whether the approval was rescinded, amended or allowed to lapse; if so, (a) what accountability measures were taken for failing to implement the approved project, (b) how many of the targeted units under the Jondev Housing Project received any intervention and (c) how many beneficiaries remain without assistance?

*(148)*

**15. Ms B N Stoffel to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to stalled and unimplemented housing decisions and projects in Khayelitsha, including the Jondev Housing Project (Record of Decision dated 10 December 2019) and the development of 261 top structures on erven 19464 and 21020:

(1) (a) What was the (i) total cost and (ii) completion date of engineering services on erven (aa) 19464 and (bb) 21020 and (b) what is the total approved budget for the construction of the 261 top structures;

(2) whether any portion has lapsed or been reprioritised; if so, what are the relevant details;

(3) (a) on what dates were requests for land authorisation submitted to the national Department of Public Works and Infrastructure and (b) what responses have been received;

(4) whether the matter has been escalated through formal intergovernmental mechanisms; if not, why not?

*(149)*

**16. Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

With the 2026 citrus export season now underway, and noting the record national harvest projections alongside significant international trade complexities:

(1) (a) What is his Department's current estimate for the 2026 Western Cape citrus harvest and (b) how does this figure compare to the 2025 season in the light of drier summer conditions in the province;

(2) (a) what is the breakdown of the top five destination markets for Western Cape citrus and (b) what is the assessment of the impact of the African Growth and Opportunity Act (AGOA) and current US tariff regimes on the Western Cape citrus sector, specifically addressing (i) the benefit of the November 2025 tariff exemption for oranges and (ii) the risk posed by the 30% tariff still applicable to mandarins (soft citrus), which are a primary export for the Western Cape?

*(150)*

**17. Ms B M van Minnen to ask Mr R D Mackenzie, Minister of Cultural Affairs and Sport:**

(1) What is the breakdown for (a) 2024/25 and (b) 2025/26 of total recorded usage of all public libraries funded by his Department, including (i) physical visits, (ii) items borrowed, (iii) new memberships registered and (iv) active members;

(2) what is the breakdown for the same period in (1) above of digital library usage, including (a) e-book loans, (b) Wi-Fi sessions and (c) public computer usage at public libraries?

*(151)*

**18. Ms B M van Minnen to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

With regard to the current inventory of essential policing equipment available to members of the South African Police Service in the province:

(1) How many (a) pepper sprays, (b) service firearms, (c) handcuffs, (d) batons, (e) flash lights and (f) two-way radios are stocked;

(2) whether all operational members are adequately equipped with the minimum required tools of trade; if not, (a) what is the shortfall per item and (b) what are the details of any supply chain challenges that have been experienced in the procurement of these items;

(3) whether her Department has conducted any recent audit of the condition of operational equipment issued to SAPS members; if so, what were the findings?

*(152)*

**19. Ms B M van Minnen to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

(1) What impact has compliance with broad-based black economic empowerment (BBBEE) requirements had on the pool of suppliers eligible to provide essential policing equipment to the South African Police Service;

(2) whether BBBEE compliance requirements have contributed to any delays in the procurement of essential equipment; if so, what are the exact details of such delays;

(3) whether any suppliers have been excluded from procurement processes due to non-compliance with BBBEE requirements; if so, what has been the impact on (a) pricing, (b) availability and (c) delivery times?

*(153)*

**20. Ms W F Kaizer-Philander to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(a) How many vehicles have been handed over to NGOs in the (i) 2024/25 and (ii) 2025/26 financial years, (b)(i) which NGOs received these vehicles and (ii) how many vehicles did each NGO receive, (c) in which districts were these vehicles distributed and (d) what criteria were used to determine their allocation?

*(154)*

**21. Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to the use of artificial intelligence (AI) diabetes scanners in the province:

(1) (a)(i) How many facilities currently have access to AI-based diabetes scanning technology and (ii) where are these facilities located, (b) what outcomes have been recorded from the use of AI-based diabetes scanners in the province and (c) how are these outcomes measured;

(2) whether any success stories have been documented regarding the use of AI-based diabetes scanners; if so, what are the key findings;

(3) (a) what impact has the use of AI-based diabetes scanners had on early detection and management of diabetes and (b) how does this compare with traditional screening methods;

(4) (a) what plans are in place to expand access to AI-based diabetes scanning technology and (b) what targets have been set in this regard?

*(155)*

**22. Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to clinic healthcare appointment systems in the province:

(1) (a)(i) How many public healthcare facilities currently utilise a formal booking appointment system and (ii) at which facilities are these systems implemented, (b)(i) what types of appointment systems are in use and (ii) what criteria are used to determine their implementation and (c) what outcomes have been recorded from the use of clinic appointment systems in terms of patient waiting times and service efficiency;

(2) whether any success stories have been documented regarding the implementation of appointment systems at clinics; if so, what are the key findings;

(3) (a) what plans are in place to improve appointment systems at clinics in the province and (b) what targets have been set in this regard?

*(156)*

**23. Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to the construction and completion of clinics in the province during the current financial year:

(a) (i) How many new clinics are planned to be constructed during the year and (ii) where will these clinics be located, (b)(i) how many clinic projects are expected to be completed during the year and (ii) what is the current status of each project, (c)(i) what budget has been allocated for the construction of clinics and (ii) how is this budget distributed across the projects and (d)(i) what timelines have been set for the completion of each clinic project and (ii) what measures are in place to ensure that these deadlines are met?

*(157)*

**PLEASE NOTE: The replies to the questions in this Question Paper are due on 22 May 2026. Should the replies not be submitted before or on the deadline, the Members have the right to have the questions transferred to the Question Paper for oral reply in accordance with Rule 206.**

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

====================

# VRAELYS

## SKRIFTELIKE BEANTWOORDING

====================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**VRYDAG, 8 MEI 2026**

***1. Mnr F C Christians vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

(a) Watter spesifieke maatreëls haar departement instel om dienslewering by provinsiale hospitale te verbeter en (b) hoe haar departement sal toesien dat pasiënte tydige en gehalteversorging in al die streke van die provinsie ontvang?

*(135)*

***2. Mnr B N Herron vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na die toenemende aanvraag na bekostigbare behuising in die Wes-Kaap, veral vir bekostigbare behuising wat goed geleë is:

(1) (a) Hoe bekostigbare behuising in die konteks van die provinsie omskryf word en (b) watter (i) wetgewende of (ii) beleidsinstrumente as riglyn vir hierdie omskrywing van bekostigbare behuising dien;

(2) of onderskeid getref word tussen bekostigbare behuising, maatskaplike behuising en leemtebehuising; so ja, watter (a) omskrywings en (b) vereistes op elke kategorie van toepassing is om in aanmerking daarvoor te kom;

(3) (a) watter standaarde vir die vasstelling van bekostigbaarheid (byvoorbeeld persentasie van ’n huishouding se inkomste wat aan behuising bestee word) gebruik word om te bepaal of iemand in aanmerking kom word vir bekostigbare behuising en (b) hoe hierdie standaarde vir die vasstelling van bekostigbaarheid bepaal is;

(4) of daar ’n raamwerk vir bekostigbare behuising in die provinsie ingestel is; (a) so nee, (i) waarom nie en (ii) wanneer dit ingestel sal word; (b) so ja, (i) wat die hoofdoelwitte is en (ii) watter inisiatiewe by die raamwerk ingesluit is?

*(136)*

***3. Mnr B N Herron vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

Met verwysing na die skriftelike klagte wat aan sy departement gestuur is deur ’n sekere persoon wie se naam aan sy departement verstrek is, met betrekking tot die plasing van haar twee seuns en met betrekking tot die voortgesette kwessies oor skoolplasings in die provinsie:

(1) Of haar twee seuns by skole geplaas is wat vir hul onderrigbehoeftes geskik is; so nee, (a) waarom nie en (b) wanneer hulle geplaas sal word; so ja, waar hulle geplaas is;

(2) gegewe die feit dat hierdie persoon ’n antwoord ontvang het “wat verskaf is ter vervulling van die Departement se verpligtinge teenoor u seuns”, (a) watter proses sy departement volg wanneer ’n kind by ’n skool geplaas word, (b) watter oorwegings, soos behoeftes met betrekking tot geestesgesondheid, in ag geneem word wanneer kinders by skole geplaas word en (c) watter faktore die “vervulling van die Departement se verpligtinge” bepaal;

(3) (a) wat die totale skoolkapasiteit vir elke onderwysfase in die provinsie is en (b) wat die geprojekteerde aanvraag na kapasiteit vir elke fase onderskeidelik in (i) 2026, (ii) 2027 en (iii) 2028 is;

(4) watter opvangsgebiede in elke skooldistrik nie in staat was om die aanvraag of aansoeke in hul distrik te akkommodeer nie;

(5) watter keuses beskikbaar is vir leerders wat nie plek kry by skole wat binne ’n redelike afstand geleë is van waar hulle woon nie;

(6) hoeveel leerders nog nie vir die 2026-skooljaar by skole geplaas is nie volgens die jongste inligting wat beskikbaar is?

*(137)*

***4. Mnr B N Herron vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na sy antwoord op vraag 1 van 16 Mei 2025:

(1) Of die terugvallingsklousule geaktiveer sal word noudat die spertyd van 18 April 2026 verstryk het; so nee, waarom nie; so ja,

(2) of die saal aan die Wes-Kaapse Regering terugbesorg sal word; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) of enige (a) wetlike of (b) administratiewe stappe in werking gestel om die terugvallingsklousule toe te pas; so nee, waarom nie; so ja, watter stappe tot op hede gedoen is;

(4) of ’n amptelike kennisgewing van kontrakbreuk aan die aankoper (Indoni) uitgereik is; so nee, waarom nie; so ja, op (a) watter datum en (b) watter reaksie ontvang is;

(5) of die aankoper enige vertoë aan sy departement gerig het wat sy versuim verduidelik om die eiendom vir die voorgenome doel te ontwikkel of gebruik; so ja, wat die besonderhede is;

(6) watter toesigmeganismes, indien enige, ingestel is om te monitor dat die verkoopsvoorwaardes oor die vyfjaartydperk nagekom word?

*(138)*

***5. Mnr M K Sayed vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

Met verwysing na sy antwoord op vraag 4 van 20 Maart 2026:

In die lig van sy bevestiging dat 71 skole in die provinsie geïdentifiseer is wat heeltemal of gedeeltelik met ongeskikte materiaal, insluitende asbes, gebou is, en met inagneming dat die toepaslike norme en standaarde die gebruik van asbes verbied en aan provinsies voorskryf om te beplan vir en verslag te doen oor die verwydering van sodanige infrastruktuur:

(1) (a) Watter 71 skole geraak word en (b) wat die aard en omvang van asbes of ander ongeskikte materiaal is wat by elke skool aanwesig is;

(2) of enige skool wat geraak word, 'n amptelike risikobeoordeling onderneem het; so ja,

(3) of daar 'n plan vir elke skool ingestel is; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(4) (a) watter skole vir (i) dringende ingryping, (ii) verwydering of (iii) volledige vervanging geoormerk is en (b) wat die (i) tydraamwerke en (ii) begrotings is wat aan elke beplande ingryping gekoppel is?

*(139)*

***6. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

In die lig van die brandskade by die Railton-kliniek in Swellendam en die gevolglike sluiting vir herstelwerk, wat inwoners van Swellendam geraak het:

Wanneer die kliniek na verwagting sal heropen en weer volledige dienste hervat?

*(140)*

***7. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

In die lig van China se bekendstelling van 'n tydelike skema vir geen tariewe vir talle Afrika-lande, insluitende Suid-Afrika, wat op 1 Mei 2026 'n aanvang neem en op 30 April 2028 sal eindig, wat toegang sonder tariewe tot die Chinese mark gee vir 'n verskeidenheid landbouprodukte, soos vrugte, wyn, neute en rooibos:

(1) Watter maatreëls sy departement ingestel het om toe te sien dat swart boere in die provinsie voordeel kan trek uit hierdie skema vir geen tariewe;

(2) of enige (a) ondersteuningsprogramme, (b) inisiatiewe om uitvoere te fasiliteer of (c) vennootskappe ingestel is om ontluikende en kleinskaalse swart boere te help om toegang tot die Chinese mark te verkry; so ja, wat die besonderhede is;

(3) hoeveel swart boere of ondernemings in die provinsie tans gereed is om produkte uit te voer ten einde van hierdie geleentheid gebruik te maak?

*(141)*

***8. Me N D Nkondlo vra me D M Baartman, Minister van Finansies:**

Met verwysing na die beduidende stygings in brandstofpryse met ingang 6 Mei 2026, met petrol wat met R3,27 per liter en diesel met R6,19 per liter styg:

(1) Of haar departement planne of ingrypings ingestel het om weerlose inwoners teen die impak van hierdie stygings te beskerm, veral met betrekking tot vervoerkoste en voedselpryse; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of enige bykomende begrotingstoewysings of -aansuiwerings oorweeg word om munisipaliteite of openbarevervoerdienste te ondersteun ten einde hierdie impak te verminder; so ja, wat die besonderhede is?

*(142)*

***9. Me A P Bans vra mnr A R Winde, Premier:**

Met verwysing na die Wes-Kaapse Regering se besluit op 1 Maart 2022 om die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement-gebou met die kleure van die Oekraïnse vlag te verlig, terwyl dit nie vir die Palestyne vlag gedoen word nie:

Watter vereistes of beleidsriglyne besluite beïnvloed om staatsgeboue simbolies te verlig met betrekking tot internasionale konflikte of kwessies?

*(143)*

***10. Me A P Bans vra mnr A R Winde, Premier:**

Of die Wes-Kaapse Regering enige betrekkinge vir handel, belegging of verkryging het wat gekoppel word aan entiteite wat in of saam met Israel bedryf word; so ja, (a) wat die aard en (b) waarde van hierdie betrekkinge is?

*(144)*

***11. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Of sy departement enige versoeke ontvang het om grondeienaarskap te magtig wat nodig is om projekte te ontsluit vir behuising en dienslewering wat vertraag is in subraad 10, Khayelitsha, insluitende maar nie beperk tot die MAHAMA-projek en elektrisiteitsvoorsiening aan informele nedersettings; so ja, (a) op watter datums sodanige versoeke van die Stad Kaapstad en/of enige ander regeringsfeer ontvang is, (b) watter spesifieke erwe geraak word, insluitende erf (i) 19464, (ii) 21020, (iii) 20869, (iv) 20081, (v) 21864, (vi) 23144, (vii) 23136, (viii) 39286 en (ix) 42776, (c) wat die status van eienaarskap van elk van hierdie erwe is, (d) watter prosesse sy departement en/of ander regeringsfere vereis om sodanige magtiging toe te staan en (e) wat die huidige stand van elke versoek om magtiging is?

*(145)*

***12. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(1) Of sy departement enige versoeke ontvang het om grondeienaarskap te magtig wat nodig is om projekte te ontsluit vir behuising en dienslewering wat vertraag is in subraad 10, Khayelitsha, insluitende maar nie beperk tot die MAHAMA-projek en elektrisiteitsvoorsiening aan informele nedersettings; so ja, wat die redes vir die vertragings is, veral in gevalle wat vier jaar oorskry;

(2) of enige interregeringsgeskille of administratiewe knelpunte geïdentifiseer is; so ja, (a) wat die tersaaklike besonderhede is en (b) watter stappe gedoen is om hierdie vertragings te beëindig;

(3) of enige amptenare vir traagheid aanspreeklik gehou; so ja, (a) wat die tersaaklike besonderhede is, (b) watter maatreëls getref is en (c) watter risiko's geïdentifiseer is met betrekking tot onwettige grondbesettings as gevolg van hierdie vertragings?

*(146)*

***13. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister of Infrastruktuur:**

Met verwysing na die Kuyasa-wyk 99- behuisingsaanpassingsprojek wat 2 373 eenhede in Khayelitsha raak:

(a) Op watter datum die projek amptelik deur sy departement goedgekeur is, (b) wat die totale goedgekeurde waarde van die projek in (i) 2018/19, (ii) 2019/20 en (iii) 2020/21

was, (c) wat die beraamde aanpassingkoste vir ’n eenheid is, (d)(i) hoeveel eenhede in elke fase vir voltooiing geskeduleer is en (ii) hoeveel werklik voltooi is volgens die finansiële jare hier bo en (e)(i) hoeveel eenhede gedeeltelik voltooi is en (ii) watter spesifieke ingrypings by daardie eenhede onderneem is?

*(147)*

***14. Me B N Stoffel vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na behuisingsbesluite en -projekte in Khayelitsha wat vertraag is of nie in werking gestel is nie, insluitende die Jondev-behuisingsprojek (Rekord van Besluit gedateer 10 Desember 2019) en die ontwikkeling van 261 bostrukture op erf 19464 en 21020:

(1) Of die goedgekeurde bedrag van R10 149 217 vir die Jondev-behuisingsprojek amptelik toegewys en/of oorgedra is; so nee, hoekom die ondertekende Rekord van Besluit nie in werking gestel is nie;

(2) of enige gedeelte van hierdie begroting bestee is; so ja, wat die gedetailleerde ontleding is;

(3) of die goedkeuring herroep, gewysig of toegelaat is om verstryk; so ja, (a) watter maatreëls vir verantwoordingspligtigheid getref is vir die versuim om die goedgekeurde projek in werking te stel, (b) hoeveel van die geteikende eenhede van die Jondev-behuisingsprojek enige ingryping ontvang het en (c) hoeveel begunstigdes steeds nie bystand ontvang het nie?

*(148)*

***15. Me B N Stoffel vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na behuisingsbesluite en -projekte in Khayelitsha wat vertraag is of nie in werking gestel is nie, insluitende die Jondev-behuisingsprojek (Rekord van Besluit gedateer 10 Desember 2019) en die ontwikkeling van 261 bostrukture op erf 19464 en 21020:

(1) (a) Wat die (i) totale koste en (ii) datum vir die voltooiing van ingenieursdienste op erf (aa) 19464 en (bb) 21020 was en (b) wat die totale goedgekeurde begroting vir die oprigting van die 261 bostrukture is;

(2) of enige gedeelte verstryk het of geherprioritiseer is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) (a) op watter datums versoeke om grondmagtiging aan die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur voorgelê is en (b) watter reaksies ontvang is;

(4) of die aangeleentheid deur middel van amptelike interregeringsmeganismes na ’n hoër vlak verwys is; so nee, waarom nie?

*(149)*

***16. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Te midde van die 2026-seisoen vir sitrusuitvoere wat tans aan die gang is, en met inagneming van die rekord- nasionale oesvooruitskatting wat saamval met beduidende ingewikkeldheid met internasionale handel:

(1) (a) Wat sy departement se huidige vooruitskatting vir die Wes-Kaapse sitrusoes vir 2026 is en (b) hoe hierdie syfer met die 2025-seisoen vergelyk in die lig van droër somertoestande in die provinsie;

(2) (a) wat die ontleding is van die vyf topbestemmingsmarkte vir Wes-Kaapse sitrus en (b) wat die beoordeling is van die impak van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (“African Growth and Opportunity Act” of AGOA) en die huidige Ameri-

kaanse tariewe wat vir die Wes-Kaap se sitrussektor geld, met spesifieke aandag aan (i) die voordeel van die tariefvrystellings vanaf November 2025 vir lemoene en (ii) die risiko wat die 30%-tarief inhou wat steeds van toepassing is op mandaryne (sagte-sitrus), wat 'n hoofuitvoerproduk vir die Wes-Kaap is?

*(150)*

***17. Me B M van Minnen vra mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport:**

(1) Wat die ontleding vir (a) 2024/25 en (b) 2025/26 is van die totale aangetekende gebruik van alle openbare biblioteke wat deur sy departement befonds is, insluitende (i) fisieke besoeke, (ii) items wat geleen is, (iii) nuwe lidmaatskappe wat geregistreer is en (iv) aktiewe lede;

(2) wat die ontleding is vir dieselfde tydperk in (1) hier bo van digitale biblioteekgebruik, insluitende (a) die uitleen van e-boeke, (b) Wi-Fi-sessies en (c) die gebruik van openbare rekenaars by openbare biblioteke?

*(151)*

***18. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na die huidige inventaris van noodsaaklike toerusting vir polisiëring wat aan lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die provinsie beskikbaar gestel word:

(1) Hoeveel (a) pepersproei, (b) diensvuurwapens, (c) boeie, (d) knuppels, (e) flitsligte en (f) tweerigtingradio's in voorraad is;

(2) of alle aktiewe lede voldoende toegerus is met die minimum bedryfstoerusting wat vereis word; so nee, (a) wat die tekort vir elke item is en (b) wat die besonderhede is van enige uitdagings in die voorsieningskanaal wat met die verkryging van hierdie items ervaar is;

(3) of haar departement enige onlangse oudit uitgevoer het oor die toestand van bedryfstoerusting wat aan SAPD-lede uitgereik word; so ja, wat die bevindings was?

*(152)*

***19. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

(1) Watter impak die nakoming van die vereistes vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (breedgebaseerde SEB) gehad het op die groep verskaffers wat in aanmerking kom om noodsaaklike toerusting vir polisiëring aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens te verskaf;

(2) of die vereistes vir die nakoming van breedgebaseerde SEB bygedra het tot vertragings met die verkryging van noodsaaklike toerusting; so ja, wat die presiese besonderhede van sodanige vertragings is;

(3) of enige verskaffers by die verkrygingsprosesse uitgesluit is omdat hulle nie die vereistes vir breedgebaseerde SEB nagekom het nie; so ja, wat die impak op (a) prysberekening, (b) beskikbaarheid en (c) leweringstye was?

*(153)*

***20. Me W F Kaizer-Philander vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(a) Hoeveel voertuie aan NRO's in die (i) 2024/25- en (ii) 2025/26- finansiële jaar oorhandig is, (b)(i) watter NRO's hierdie voertuie ontvang het en (ii) hoeveel voertuie elke

NRO ontvang het, (c) in watter distrikte hierdie voertuie uitgedeel is en (d) watter vereistes gebruik is om die toewysing daarvan te bepaal?

*(154)*

***21. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na die gebruik van diabetesskandeerders in die provinsie wat kunsmatige intelligensie (KI) gebruik:

(1) (a)(i) Hoeveel fasiliteite tans toegang het tot tegnologie vir diabetesskandering wat KI gebruik en (ii) waar hierdie fasiliteite geleë is, (b) watter uitkomste aangeteken is uit die gebruik in die provinsie van diabetesskandeerders wat KI gebruik, en (c) hoe hierdie uitkomste gemeet word;

(2) of enige suksesverhale aangeteken is oor die gebruik van diabetesskandeerders wat KI gebruik; so ja, wat die hoofbevindings was;

(3) (a) watter impak die gebruik van diabetesskandeerders wat KI gebruik, op die vroeë opsporing en hantering van diabetes gehad het en (b) hoe dit met konvensionele metodes vir sifting vergelyk;

(4) (a) watter planne ingestel is om toegang uit te brei tot tegnologie vir diabetesskandering wat KI gebruik, en (b) watter doelwitte in verband hiermee gestel is?

*(155)*

***22. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na stelsels vir gesondheidsorgafsprake by klinieke in die provinsie:

(1) (a)(i) Hoeveel fasiliteite vir openbare gesondheidsorg tans van ’n amptelike besprekingstelsel vir afsprake gebruik maak en (ii) by watter fasiliteite hierdie stelsels in werking gestel is, (b)(i) watter soort afspraakstelsels in gebruik is en (ii) watter vereistes gebruik word om die instelling daarvan te bepaal en (c) watter uitkomste aangeteken is uit die gebruik van afspraakstelsels by klinieke met betrekking tot wagtye vir pasiënte en die doeltreffendheid van dienste;

(2) of enige suksesverhale aangeteken is oor die bekendstelling van afspraakstelsels by klinieke; so ja, wat die hoofbevindings is;

(3) (a) watter planne ingestel is om afspraakstelsels by klinieke in die provinsie te verbeter en (b) watter teikens hiervoor gestel is?

*(156)*

***23. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na die oprigting en voltooiing van klinieke in die provinsie in die huidige finansiële jaar:

(a) (i) Hoeveel nuwe klinieke beplan word om in die jaar gebou te word en (ii) waar hierdie klinieke geleë sal wees, (b)(i) hoeveel kliniekprojekte na verwagting in die jaar voltooi sal word en (ii) wat die huidige stand van elke projek is, (c)(i) watter begroting vir die bou van klinieke toegewys is en (ii) hoe hierdie begroting tussen die projekte verdeel word en (d)(i) watter tydlyne vir die voltooiing van elke kliniekprojek bepaal is en (ii) watter maatreëls ingestel is om toe te sien dat hierdie sperdatums behaal word?

*(157)*

**LET WEL: Die antwoorde op die vrae vervat in hierdie Vraelys is vir 22 Mei 2026 bestem. Indien die antwoorde nie voor of op die sperdatum ingedien word nie, het die Lede die reg om die vrae te laat oordra na die Vraelys vir mondelinge beantwoording ooreenkomstig Reël 206.**